# Kwartaal 1 Formele Assessering Voorbeeld 1

## Geskrewe taak (70 punte)

Ontleed ’n gevallestudie oor seksualiteit. Lees die gevallestudie en beantwoord dan die vrae wat volg:

*Adila woon in ’n klein gemeenskap. Sy woon by haar ma en tantes. Adila se pa het gesterf toe sy jonk was. Haar ma laat haar toe om met ander Moslemseuns uit te gaan, maar Adila weet sy moenie seks voor die huwelik hê nie. Sy ken niemand in haar gemeenskap wat kinders het en ongetroud is nie. Sy gaan al ’n jaar met Naseem uit. Sy is vriendelik met sy gesinslede. Albei gesinne bring tyd saam deur en gaan na dieselfde moskee.*

*Een middag was Adila en Naseem alleen bymekaar en het seks gehad. Albei het baie skuldig daaroor gevoel, en het gevoel hulle het hul ouers en hulself in die steek gelaat. Hulle het saam gegaan om Adila se ma te vertel wat gebeur het. Hulle het albei belowe om nie weer alleen saam te wees nie en gesê hulle sou nooit weer iets doen wat so gevaarlik is nie. Adila se ma het gesê dat Adila en Naseem dadelik met mekaar moet trou. Naseem en Adila het ingestem om te trou.*

*Hoewel hulle albei ingestem het, was hulle bekommerd oor hul opvoeding. Sal hulle steeds skool toe kan gaan? Hulle voel ook nie reg om te trou nie en was spyt dat hulle seks gehad het. Hulle wil ook nie in ’n situasie beland waar hulle dalk weer seks sal hê nie, selfs al is hulle getroud. Hulle is bekommerd dat Adila swanger kan raak. Hulle het nie werk buite die skool nie en is bang dat hulle hul vriende sal verloor as hulle met die getroude lewe moet begin. Geeneen van Adila en Naseem se vriende het seks gehad nie. Hulle is geskok toe hulle uitvind wat gebeur het. Hul vriende sê hulle moet op skool bly en nie nou al trou nie. Hulle stel voor dat Adila en Naseem eers ná kollege trou.*

*Adila en Naseem weet nie of hul gesinne sal instem hiertoe nie. Hulle het paartjies op TV gesien wat swaarkry as hulle jonk trou, maar het ook musiek geluister wat voorstel dat liefde die enigste ding is wat tel as jy gelukkig wil wees. Hulle voel wel dat hulle mekaar liefhet en wonder of dit genoeg sal wees om hul probleme te oorkom.*

1. Beantwoorde volgende vrae:
   a. Wat is waardes? (3)
   b. Wat is norme? (3)
   c. Watter twee invloede het die sterkste impak op Adila en Naseem se waardes en norme? (2)
2. Lys die faktore wat Adila en Naseem se besluit beïnvloed in 'n tabel, in die korrekte kolom: “Ten gunste van die huwelik” en “Teen die huwelik”. Sluit Adila en Naseem se persoonlike gevoelens, invloede van vriende en portuurgroep, gesins- en gemeenskapswaardes, kulturele waardes en die media in. (10)

© Oxford University Press Southern Africa (Pty) Ltd 2013

3. a. Noem drie keuses wat Adila en Naseem kan maak om hul probleem op te los. (6)
   b. Wat is die moontlike gevolge van elk van die drie keuses wat jy in 3.1 beskryf het? (6)
4. Beskryf die stappe wat Adila en Naseem moet doen om die plan uit te voer en stel spertye vir elke stap. (10)
5. Verduidelik hoe hulle kan assesseer of die plan vir hulle werk of nie. (4)
6. Gee voor dat jy Adila of Naseem is en skryf 'n brief van een bladsy aan Adila se ma of Naseem se ouers wat die volgende verduidelik:
   a. die bekommernisse wat jy het oor wat gebeur het. (6)
   b. watter oplossing jy voorstel en waarom jy daardie oplossing wil implementeer. (4)
   c. watter hulp jy graag van jou familie wil ontvang om met dié oplossing te slaag. (2)
7. Evalueer die norme in jou gesin, familie of gemeenskap, en verduidelik die ooreenkomste en verskille met dié van Adila en Naseem. (6)
8. Beoordeel krities die invloed van TV op Adila en Naseem (sover as wat ons dit uit die gevallestudie kan aflei). (4)
9. Gee Adila en Naseem raad deur te verduidelik watter optrede jy dink hulle behoort te kies, met redes. (6)

**Totaal: 70 punte**

# Kwartaal 1 Formele Assessering Voorbeeld 1 Memorandum

## Geskrewe taak 1 (70 punte)

1. a. Waardes is beginsels en oortuigings oor wat verkeerd of reg is. (3)
   b. Norme is die gedrag en denke wat normaal is in ons gemeenskap, onder familie en vriende. (3)
   c. Geloof en gesin (2)
2.

| Ten gunste van die huwelik | Teen die huwelik |
|---|---|
| Gesin | Vriende |
| Gemeenskap | Persoonlike gevoelens |
| Geloof | TV |
| Musiek | Gemeenskap |
| Kultuur | |

(10)

3. a. Dit kan enige drie keuses wees wat by die gevallestudie inpas; leerders moet aandui dat hulle die moontlike opsies oorweeg het. (2 punte per keuse) (6)
   b. Gevolge moet pas by die opsies wat gekies is. (6)
4. Die stappe moet haalbaar wees, moet in 'n logiese volgorde wees en moet spertye insluit. (10)

© Oxford University Press Southern Africa (Pty) Ltd 2013

5. Hierdie assesseringsmaatreël moet eenvoudig genoeg wees vir iemand om te evalueer of die oplossing werk en of hulle weer met probleemoplossing sal moet begin. (4)
6. Die brief moet die instruksies volg en samevatting toon van die probleemoplossingsoefening wat pas deur die leerders voltooi is.
   a. Jou bekommernisse oor wat pas gebeur het (6)
   b. Watter oplossing jy wil gebruik en hoekom jy daardie oplossing wil gebruik (4)
   c. Leerders se eie antwoorde. (2)
7. Leerders se antwoorde sal wissel, maar moet duidelike ooreenkomste of verskille tussen eie gesinskultuur en dié in die gevallestudie aandui. (6)
8. Leerders moet beide positiewe en negatiewe invloede van TV verskaf en ‘n gevolgtrekking bereik. (4)
9. Leerders moet advies aanbied, met redes. (6)

# Kwartaal 1 Formele Assessering Liggaamsopvoedingtaak (LOT)

## Liggaamsopvoedingtaak (30 punte)

- Leerders se deelname sowel as bewegingsprestasie word hierdie kwartaal geassesseer.
- Gee 'n punt uit 20 vir deelname.
- Merk bewegingsprestasie in fisieke aktiwiteite wat die beginsel van fiksheid bevorder uit 10 punte (5 × 2), deur die rubriek op bladsy 16 te gebruik.

# Kwartaal 1 Formele Assessering Voorbeeld 2

## Geskrewe taak (70)

Ontleed ’n gevallestudie oor seksualiteit en verhoudings. Lees die brief en beantwoord die vrae wat volg:

*Liewe Tannie*
*Ek gaan al drie maande met ’n ou uit. Hy is lekker laf en aantreklik, en ek hou baie van hom. Hy vra kort-kort of ek lief is vir hom, want ek weier om seks met hom te hê. Ek dink dat ek tog vir hom lief is, maar is nie seker of ek al gereed is om seks te hê nie.*

*’n Hele paar mense in my omgewing het kinders gehad toe hulle jonk was en hulle moes die skool verlaat. My niggie is een van daardie mense en ek sien hoe swaar sy kry. Ek wonder of haar kêrel vir haar dieselfde ding gesê het?*

*My mense weet nie eens dat ek met hierdie ou uitgaan nie, want ek mag nie met seuns uitgaan nie, veral nie met seuns van ’n ander geloof nie. Ek kan glad nie met my ma oor seks praat nie. Dit sal net ’n yslike bakleiery veroorsaak. Ek dink my pa sal enigiemand slaan wat my kêrel wil wees. Ek weet nie wat om te doen of vir wie om raad te vra nie.*

© Oxford University Press Southern Africa (Pty) Ltd 2013

*Baie van my maats het al seks gehad. Hulle sê my kêrel is 'n goeie ou en ek moet hom nie verloor nie. My beste vriendin sê sy wag vir die huwelik en sy sê ek moet hom vergeet en net studeer. Ek hou van skoolgaan en ek wil 'n goeie werk kry en my gesin eendag help. Ek hou ook baie van my kêrel en wil hom nie verloor nie. Wat moet ek doen?*
*Deurmekaar*

**Vraag 1**

Gebruik jou probleemoplossingsvaardighede om "Deurmekaar" te help.

a. Verduidelik in besonderhede wat Deurmekaar se probleem is. Sluit persoonlike-, portuur-, skool-, gemeenskaps-, gesins- en geloofskwessies in. (10)
b. Lys maniere waarop Deurmekaar die probleem kan aanpak. Hou 'n dinkskrum oor soveel opsies as wat jy in twee minute kan bymekaar kry en skryf dit neer. (4)
c. Hoe kan "Deurmekaar" die probleem oplos? Lys twee moontlike oplossings. (4)
d. Vir elk van die opsies wat jy gekies het: lys twee positiewe gevolge en twee negatiewe gevolge van die opsie neer. (6)
e. Kies die oplossing wat jy dink Deurmekaar sal help. Verduidelik jou keuse. (4)
f. Verduidelik hoe "Deurmekaar" kan toets of die opsie wat jy voorstel die regte een is. (2)
g. Skryf 'n kort brief van twee paragrawe aan Deurmekaar met raad oor wat jy dink sy moet doen. (5)

**[35]**

**Vraag 2**

a. Wat is die sleutel tot 'n gesonde verhouding? Noem voorbeelde van gesonde gedrag. (8)
b. Hoe weet ons wanneer gedrag in 'n verhouding onvanpas is? (2)
c. Noem maniere waarop iemand 'n nuwe vriendskap kan begin of 'n goeie verhouding kan verbeter. (5)
d. Verduidelik watter uitwerking onvanpaste gedrag in verhoudings op ons lewe kan hê. (5)
e. Beskryf hoe ons 'n verhouding op 'n gesonde manier kan beëindig, met voorbeelde. (10)
f. Beoordeel of dit gesond of ongesond is om 'n verhouding te beëindig deur 'n SMS te stuur. (5)

**[35]**

© Oxford University Press Southern Africa (Pty) Ltd 2013

# Kwartaal 1 Formele Assessering Voorbeeld 2 Memorandum

## Geskrewe taak (70 punte)

**Vraag 1 (35 punte)**

Vir vraag 1 moet jy seker dat leerders die probleemoplossingproses volg, soos aangedui.

a. Verskaf tot 2 punte per kategorie wat beskryf is. Die antwoorde moet die kwessies wat Deurmekaar in die gestig staar, duidelik definieer, asook beskryf hoe sy deur die mense naby aan haar beïnvloed word. (10)

b. ’n Dinkskrum kan aandui dat baie van die opsies onvanpas kan wees; gee punte vir kreatiwiteit en vir die aantal opsies verskaf. (4)

c. Die twee opsies wat gekies is, moet realisties wees en die redes vir die keuse moet aandui dat die leerder oor die opsies nagedink het. (4)

d. Maak seker dat die voorgestelde gevolge realisties is en dat die leerder die voor- en nadele van beide opsies genoem het. (6)

e. Die rede vir die keuse van die beste opsie moet na positiewe en negatiewe gevolge verwys. (4)

f. Hierdie assessering van die opsie moet vir iemand eenvoudig genoeg wees om te besluit of hy of sy weer van voor af met die probleemoplossingproses moet begin of nie. (2)

g. Die inhoud van die advies sal wissel, maar moet die probleemoplossingstappe wat vroeër uitgelig is, volg. (5)

**Vraag 2 (35 punte)**

a. Leerders moet noem wat die sleutel tot ’n gesonde verhouding is en voorbeelde lys van gesonde gedrag, soos eerlikheid, betroubaarheid, belangstelling in ander mense, goeie luistervaardighede, dat jy bemoedigend is, op onselfsugtige maniere en vir die beswil van andere optree, dat jy omgee en betroubaar is. (8)

b. Wanneer ons mense seermaak of die vertroue in die verhouding beskadig. (2)

c. Leerders moet maniere opnoem waarmee iemand ’n nuwe vriendskap kan begin of ’n goeie verhouding verbeter, deur byvoorbeeld belangstelling in ander mense te toon, te glimlag, vriendelik te wees, vrae te vra en ander aan te moedig, en deur behulpsaam en gaaf te wees. (5)

d. Leerders moet verduidelik watter uitwerking onvanpaste gedrag in verhoudings op ons lewe kan hê, deur byvoorbeeld vertroue en selfbeeld af te breek, mense te verwar en hulle verward en onwaardig vir liefde te laat voel, kan ons eensaam en wantrouig word; ons kan slegte gedragsgewoontes aankweek. (5)

e. Leerders moet beskryf hoe hulle ’n verhouding op ’n gesonde manier kan beëindig, en voorbeelde verskaf. (10)

f. Leerders moet beoordeel of die beëindiging van ’n verhouding deur ’n SMS te stuur gesond of ongesond is. Hulle behoort tot die gevolgtrekking te kom dat dit ongesond is. Dit is selfsugtig omdat iemand hulself van die moeite van ’n konfrontasie wil red, maar die ander persoon kan nie vrae vra nie en daar is geen kans om hoflik met mekaar te bly nie. (5)

© Oxford University Press Southern Africa (Pty) Ltd 2013